

Woensdag 4 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 3:13-17; Markus 1:9-11

Fokusgedeelte: Matteus 3:16, 17

God Drie-enig by die doop van Jesus

God het Hom so in sy Woord geopenbaar dat die drie onderskeie Persone (Vader, Seun en Heilige Gees) die enige, ware en ewige God is. Dit bely ons in Sondag 8 van ons Kategismus. Dit is die hart, die kortste samevatting van ons Christelike geloof.

Hierdie selfopenbaring van die Drie-enige God kom in sy Woord tot ons op 'n besondere manier. Nêrens word daar 'n hoofstuk afge-sonder om die Drie-eenheid van God uiteen te sit, te verklaar of te verduidelik nie. Nee, veel eerder ontmoet ons Hom as die Drie-enige God in die ontvouing van die openbaringsgeskiedenis. Nêrens 'n uiteensetting nie, telkens eerder 'n ontmoeting met die Drie-enige God in sy werking, in sy aktiewe bemoeienis met ons.

Een so 'n openbaringshoogtepunt vind ons by die doop van ons Here Jesus. Voor Hy sy openbare werk kan begin, word Hy deur Jo-hannes die Doper in die Jordaan gedoop. Hier ontmoet ons die Drie-enige God in aksie.

- Die stem van die Vader uit die hemel: *Dit is my geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het.*
- Die Seun self wat in die water gedoop word.
- Die Heilige Gees wat soos 'n duif op Hom neerdaal.

Die doop van Jesus, dit was sy salwing: deur die Vader aangewys, deur die Heilige Gees toegerus. Inderdaad 'n venster op die hemel wat vir 'n oomblik op 'n skrefie vir ons oopgaan. Die Drie-enige God in aksie, tot ons verlossing. 'n Wonder-handeling deur die Drie-enige God. Dit vra nie van ons 'n verklaring nie ... dit roep ons op tot verwondering!

Sing: Skrifberyming 12-3

Ds. Cassie Aucamp (Bergsig/Andeon)